

N.G. Kerk Fochville-Noord Januarie 2021

Voluit vir Christus Met my hele hart in 2021



Met my hele HART in 2021

Ons jaartema vir 2021 is weer; **“Met my hele HART”**.

Wat hoor jy as jy die leuse hoor? Wat dink jy as jy dit lees?

Miskien is die belangrikste van ons leuse nie dit wat ons as kerkraad vir die gemeente sê oor ons leuse vir die begin van die nuwe jaar nie, maar dit wat jy dink as jy die leuse sien.

Wat beter om ‘n nuwe jaar in te gaan as gemeente met die vraag wat ons elke keer gaan konfronteer as ons dit sien. **“Met my hele Hart”**

Is dit waar? Aan wie behoort my hart? Hoe leef ek my hart se wens uit? Wat verander dit in my lewe?

Ons gaan hopelik in die jaar meer geleentheid kry om as gemeente saam te kom en vir mekaar en vir die Here te wys hoe ons “hart” vir die Here lyk. Elke lidmaat is ingedeel in ‘n wyk waar jy betrokke kan raak. Begin sommer nou en skakel julle ouderlingspaar en diakenspaar. Bid vir hulle en kontak hulle. Vra bietjie waar julle kan help en verseker hulle daarvan dat julle saam met hulle in diens van die Here wil wees.

Geniet dit saam met ons om jou hart uit te lewe vir die Here.

Fochville-Noord en Covid 19

Wat ‘n vreemde ervaring om die jaar so te begin. Weer mag daar nie mense by die eredienste wees nie. Ons mis mekaar baie. Alhoewel die dienste op Facebook en ons Webwerf baie goed ondersteun word bly dit ‘n verlange om eerder te kan saamkom.

Ons bid vir die dag wat ons kerk weer propvol mense kan wees waar ons die Here loof en prys.

Gelukkig weet ons dat ons steeds kerk van die Here is al kan ons nie fisies saam eredienste hou nie.

Bly asb. betrokke deur jou voorbidding. Skakel gerus die leraars of jou wyk se ouderlingspaar as daar ‘n probleem is of julle net wil gesels.

Onthou ons bid vir julle en is lief vir julle. Ons verlang na mekaar.

NG Fochville-Noord se Webtuiste

Die webtuiste van ons gemeente bring nuwe geleenthede en moontlikhede met kommunikasie. Dit is ‘n maklike manier om die inligting van die gemeente te ontvang.

Die beste eienskap wat die webtuiste bring is dat u die preke van elke Sondag daar kan kyk en luister. Die preke is beskikbaar op jou selfoon of rekenaar as jy op die webtuiste gaan met enige toestel. As jy dan die preke gaan luister, is dit nie net audio wat jy hoor nie, maar die volledige diens met liederen en alles soos dit op Facebook uitgesaai is.



Daar is nog baie meer op ons webtuiste om te sien. Bedurf jouself en gaan kyk gerus.

Die wonderlikste van die webtuiste is dat jy op enige plek kan wees, en steeds alles volg wat in die gemeente gebeur. Gaan besoek gerus weer ons webtuiste en maak dit ‘n daaglikse gewoonte. Die adres is: www.ngfochvillenoord.co.za

Saam in Sy diens,
Die Leraars

HUISBESOEK:

Die leraars beplan om in 2021 weer verder te gaan met die virtuele huisbesoeke in al die wyke. Jy hoef egter nie te wag vir die huisbesoek nie.

Indien daar gesinne is wat ‘n vraag, probleem of sommerkant behoefte het aan ‘n besoek kan julle gerus die leraars skakel.

Die leraars is elke dag beskikbaar en lidmate kan gerus skakel.

Die leraars verwelkom wenke wat in liefde gegee word. Praat met hulle oor die preke, besoeke en die werk in die algemeen. Help hulle en bid vir hulle om die werk van die Here ‘n wonderlike sukses te maak.

GEBEDSBEDIENING

Ons het steeds ten spyte van Covid ‘n gebedsbediening. Skakel gerus die kantoor, ‘n leraar of vir Paul en Pikkie Heyns met gebedsversoeke.

Amen en koebaai...

Pierre Cronjé het die pragtige stukkie geskryf:

Amen en koebaai...

Ek weet nie van jou nie, maar ek het twee soorte bid in my lewe:

- ♥ die een is sommer die gewone praat met God, geliefdes voor Sy voete lê, Hom aanbid vir Sy liefde en sorg, en dan opstaan en die dag voluit aanpak...
- ♥ En dan is daar die amen en koebaai bid.
- ♥ Daardie oggende wat jou bid nie woorde wil kry nie, en sommer net rou emosie is:
 - ☆ verlange wat te veel word,
 - ☆ vrees vir dinge wat wag,
 - ☆ hartseer oor dinge wat gebeur het.
- ♥ En as mens so voor die Here 'voel', wil mens nie amen sê nie ... want amen voel partydae soos koebaai, so al asof jy en God julle eie koers gaan inslaan, tot die volgende gebed natuurlik.
- ♥ Op sulke dae klou jy wanhopig aan die Here vas, weet jy met kinderlike geloof dat die Here jou nie mag los nie. Nie op daardie oomblik nie. Nooit nie.
- ♥ Iemand het eendag gesê dat mens soms moet bid, en ander kere net moet toelaat dat die Here jou liefhê...
- ♥ Op amen en koebaai dae, mag jy maar net stil by Hom sit en Hom vra om vir jou lief te wees.
- ♥ Op amen en koebaai dae, mag jy jou oë toemaak en in jou gedagtes voel hoe die Here jou styf vashou.
- ♥ Op amen en koebaai dae mag jy maar jou kop teen Sy bors laat sak, en jou huile huil.
- ♥ Op amen en koebaai dae maak dit nie saak of jy amen sê nie ... want die Een wat jou naam in Sy handpalm geskryf het, het gesê: "Moenie bang wees nie (nie vir die hartseer van verlange na 'n geliefde nie, nie vir die spoke van die verlede of die uitdagings wat voorlê nie)."
- ♥ *"Want Ek is by jou ... Altyd"

'n Briefie van Ds. Pieter en Marina

Liewe Gemeente

Dis baie lekker om so 'n kort boodskappie met julle te kan deel in ons eerste Boodskappertjie vir die jaar.

2021 Het nie begin soos wat ons seker graag sou wou hê nie. Die jaar het nog nie eers begin nie toe word die grendelreëls strenger gemaak. Baie van julle se vakansiereëlins of planne vir die vakansie is seker omver gegooi – en dit nadat julle so lank uitgesien het. En dalk kan jy identifiseer met een of meer van die volgende dinge ook:

- Die gejaag van die lewe
- Werksdruk of die druk van 'n besigheid wat sukkel in die tyd
- Finansiële druk
- Moegheid
- Vrees vir mislukking, vir Covid of die effek daarvan op jou lewe
- Familiebande wat gespanne raak, verlies en hartseer
- Moedeloosheid
- Skuldgevoelens, veral dat jy nie genoeg tyd met God spandeer nie

En dit begin 'n bouse kringloop wat jou skoon omver gooi.

Midde-in dit alles steek die Here Jesus sy hand na jou uit en sê: *"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee."* Matt 11:28. Die Here veroordeel jou nie. En Hy kom laai nie nog laste en skuldgevoelens op jou. Sy hart is om jou te help en saam met jou te loop op jou reis.

Wil jy nie sommer nou, net daar waar jy is, stil word, in jou hart na die Here Jesus draai en alles voor Hom uitstort nie. Vertel vir Hom alles en bely voor Hom dit waaroor jy skuldig voel. Hy weet waarvan ons gemaak is. Hy hou in gedagte dat ons stof is. En Hy wag vir jou! Al het jy drooggemaak. Al voel jy ver van Hom af. Al weet jy jy verdien dit nie. Kom!

Gebod: *Vader, ek is moeg gesukkel en kan nie self deur hierdie wildernis kom nie. Ek is jammer dat ek dit op my eie probeer doen het. Asseblief help my en wys my die pad. Ek kies om U te vertrou en weet U sal my nooit begewe of verlaat nie. Versterk my hoop en hou my oë op U gerig, asseblief. Amen*

Geseënde, vreugdevolle 2021 vir julle elkeen!
Ds Pieter en Marina



‘n Briefie van Ds. Johan en Elzabé

Wat ‘n voorreg om te kon terugkeer na ‘n lekker lang vakansie by die see saam met ons kinders. Uitgerus en lus vir die nuwe jaar het ons huistoe gekom.

November 2020 het ons amptelik afgetree.

Nou ervaar ons nog meer hoe groot die voorreg is om vir die Here te kan werk.

Ek is nou ‘n Pastorale Hulpleraar wat saam met Ds. Pieter in die gemeente dien en hulle ondersteun.

Wat die gemeente betref het min verander en sal ons steeds ons heel beste gee vir die gemeente solank die Here vir ons die “gesondheid”, “krag”, “passie” en “wysheid” gee om die werk te kan doen.

Ons sien uit na ‘n nuwe era saam met Fochville-Noord en bid dat die Here dit ‘n wonderlike geseënde tyd sal maak.

Baie dankie vir al die liefde wat ons ontvang.

Ons is lief vir julle en waardeer julle.
Mag die Here julle wonderlik seën.

Ds. Johan en Elzabé Brink.



NUUS oor die aksies in ons gemeente

KIX: Ons KIX-kamp was gereël vir 12-14 Februarie, maar ons moes dit ongelukkig uitstel. Kyk mooi, UITSTEL, nie afstel nie. Sodra ons kan, sal ons gaan kamp. En sodra ons kan, sal ons begin met ons byeenkomste elke Vrydag-middag. Ons mis julle kinders en kan nie wag om julle te sien nie!

EPIX: Ai, ons kry al onttrekkingssimptome omdat ons julle so lanklaas gesien het! Die EPIX-kamp is gereël vir 19-21 Maart by Effata kampterrein in Limpopo. Ons vertrou ons sal kan gaan, maar as dit nie kan daardie tyd nie, sal ons nuwe reëlings tref. Ook ons byeenkomste Vrydae sal so gou moontlik begin, al moet ons eers in graadgroepies byeenkom. Ons sal julle op hoogte hou.

BYBELSKOOL: Ons kyk na ‘n boekie wat ons kan uitgee wat elkeen tuis kan lees en dan het ons weekliks bespreking oor elke hoofstukkie. As ons nie nou kan byeenkomste hou nie, kan ons dalk sulke groepsbespreking hou deur Zoom, of ons kan in kleiner groepies met Whatsapp gesels. Ons laat weet julle binnekort.

MEN@PRAYER: Dit gaan oor gebedsgroepies vir manne en is deel van ‘n groot gebedsaksie oor die land. Manne vorm klein groepies van 3-7 en elkeen ontvang elke dag ‘n kort gebeds-gedagte en een of twee sake om oor te bid. Sodra jy klaar gelees het en gebid het, stuur jy ‘n regmerk op die groepie. Dit vra so 5-10 minute per dag en 1 keer per week deel ons bietjie wat ons beleef het of persoonlike gebedsversoeke. As jy belangstel, kry vir jou minstens 2 vriende en kontak vir ds Pieter vir besonderhede. As jy nie ander manne het nie, maar wil deel wees, stuur ‘n Whatsapp vir ds Pieter, 084 7761544. Alle manne is welkom! (Van baie jonk tot oud)

MARTARIAS: Ons vat hierdie jaar maar ‘n daggie op ‘n slaggie. Ons beplanningsvergadering is 3 Februarie om 16:00 in die kerkzaal. Eerste aan die beurt is Wêreldbiddag vir Vroue op 5 Maart, maar ons kan nog nie sê hoe en waar dit gaan plaasvind nie. Dan volg die Silwerjare Tee die 9^{de} Maart.

Die MARTARIAS is vir ALLE vroue, jonk en oud. Paulus skryf: *(Tit 2:3) Net so moet jy ook vir die ouer vroue sê hulle gedrag moet dié wees van mense wat ‘n heilige lewe lei... Hulle moet goeie raad kan gee, 4 sodat hulle die jonger vrouens kan leer ...*

Ons het die ouer dames nodig vir hulle kundigheid en kennis (wysheid) en die jonger dames vir hulle entoesiasme en energie. Daar is vir elkeen ‘n plekkie om saam die Here en ons gemeente te dien.

SIEKEBESOEK

Kontak gerus een van die leraars as daar siekte in die huis is of as iemand vir ‘n operasie gaan. Ons wil graag saam met julle bid en waar moontlik (met Covid) julle besoek.

VOORBIDDING

Elke Sondag word daar name op die voorbiddingslys geplaas by die afkondigings. Skakel die kantoor as jy voorbidding nodig het. Moenie beskeie of skaam wees nie. Gebruik asb. die geleentheid.

Elke oomblik is belangrik in 2021

Alles kan in 'n oogwink verander, want God werk op vreemde wyses.
 Sy wil is nie ons wil nie.
 Sy gedagtes is nie ons gedagtes nie.
 Sy tyd is nie ons tyd nie.

Daarom moet jy:

Diep dink en Saggies praat
 Baie liefhê en Vriendelik wees
 Gereeld lag en Blymoedig gee
 Opreg bid
 Hard werk en Voluit lewe.
 Want elkeen wat goed lewe, Lewe lank,
 want ons lewenstyd word nie bereken in jare, dae of ure nie ...



Onthou veral:

Vreugde sterf as jy dit nie vertroetel nie.

Daarom is dit nou tyd dat ons

Met sagte hande aan mekaar begin vat
 Met sagte oë na mekaar begin kyk
 Met sagte tonge met mekaar praat en
 'n daaglikse dosis lag inkry !

Oorgeneem en aangepas

Susan Maass Oorlede

Aan die einde van Desember is Susan Maass oorlede in Parys in die geseënde ouderdom van 81 jaar oud.

Susan was Hennie en Adelle Maass, ouderlingspaar van wyk 1 se ma.

In 2015 is Hennie se Pa ook uit ons kerk begrawe. Dit was dus net gepas dat haar begrafnis ook uit Fochville-Noord sou plaasvind waar Hennie en Adelle lidmate is.

Ons dank die Here saam met Hennie hulle se familie vir die ryke seën wat hulle in so 'n pragtige ma ontvang het.

Ons bid vir hulle vir die troos van die Here.



Eunice Jordaan Oorlede

Die nuwe jaar het nog groot hartseer gebring toe Eunice Jordaan oorlede is.

Sy en Corrie was die ouderlingspaar van Uitbr. 1 wyk 4.

Corrie gaan nou alleen die werk vir die Here daar doen.

Eunice het in November 'n groot hartoperasie ondergaan en was besig om te herstel toe sy skielik oorlede is.

Ons dank die Here vir haar mooi lewe en vir alles wat sy in die gemeente gedoen het. Ons bid vir Corrie en die kinders en kleinkinders vir die troos van die Here op die pad vorentoe.



Ralie Nel Oorlede

Die nuwe jaar het begin met hartseer vir die Nel familie toe Ralie oorlede is. Sy was die laaste paar jaar in 'n verswakte afdeling in Parys gewees.

Ralie was getroud met Chris wat alreeds in 2004 oorlede is.

Hulle het in wyk 10 Oos gewoon en was vir jare lank staatmakers in ons gemeente.

Ons dink aan hulle seun Louis en hulle dogter Anette (Van der Merwe).




Timothy Eloff Oorlede

Die nuwe jaar het vir nog 'n gesin baie sleg begin. 'n Ma met 3 kinders is alleen agtergelaat toe Timothy Eloff skielik na 'n kort siekbed oorlede is. Hy was maar 33 jaar oud.

Hulle was in Suidwyk.

Ons bid vir Johlene en die kinders vir troos in baie moeilike omstandighede.

Mag die Here vir julle troos, krag en wysheid gee vir die pad vorentoe.



Ons werkers hou Kersfees

Ons is baie gelukkig om 4 goeie mense in diens te hê by ons kerk. Vlnr. staan Johannes, Caroline, George en Samuel. Ds. Pieter en Marina het saam met die kantoor gereël vir 'n verrassingspakkie vir elkeen van hulle voor Kersfees. Hulle dankbaarheid was sigbaar.



Ons gemeente werk vir die Basaar

Terwyl vrugte beskikbaar is moet die tyd aangegryp word om solank werk te doen vir ons Basaar van 2021. Ons glo en vertrou dat ons vanjaar weer 'n gewone groot Famfest sal kan hou.



Vyekonfyt




Appelkooskonfyt

Riaan en Marise Coetzee

Riaan Coetzee van Pretoria is op 5 Des. met Marise (Theron) van ons gemeente getroud. Die goeie nuus is dat hulle nou in Fochville woon wat beteken dat ons 'n lidmaat bygekry het. Op die foto is Riaan en Marise met elkeen se twee kinders. Baie geluk en mag julle 'n wonderlike nuwe gesin wees. Baie welkom aan Riaan en die kinders in ons gemeente. Mag julle somer tuis wees.




Ruan en Sonri van der Vyver



Ruan van der Vyver van Pretoria is op 28 November in Gansbaai getroud met Sonri Erasmus van Fochville. Sonri is Ds. Riaan en Sonja Erasmus se oudste dogter. Sy het in ons gemeente groot geword en belydenis afgelê. Hulle woon nou in die Kaap in Durbanville. Baie geluk aan die paartjie en hulle ouers met die groot dag.


Hannes en Anja Erasmus

Hannes Erasmus en Anja (Greyling) is gedurende die "lockdown" inperking in Rustenburg getroud deur Ds Sanre Benade van Potch. Kandelaar gemeente. Hannes het in ons gemeente groot geword en hier belydenis afgelê. Hy het sy PhD in Omgewingswetenskappe verwerf in Oktober. Hulle woon nou in Potchefstroom, waar hulle albei verbonde is aan die NWU. Hannes is die seun van André en Hanlie Erasmus van ons gemeente. Baie geluk vir die paartjie en hulle ouers.



Arno en Sharlene v/d Hof

Arno van der Hoff en Sharlene (Schoonraad) is op 22 Des. in die huwelik bevestig. Arno is Francois en Ansie van der Hoff van Uitbr. 1 wyk 2 se jongste seun. Sharlene is Gerhard en Sharon Schoonraad wat vroeër in wyk 5 Wes was se dogter. Hulle het albei in ons gemeente groot geword en belydenis afgelê. Baie geluk aan die paartjie en hulle ouers met die groot dag. Mag hulle baie vreugde en vrede ontvang van die Here.



Herman en Rouxlé de Wet

Herman de Wet van ons gemeente is gedurende die vakansie met Rouxlé (Nel) van Koster in die huwelik bevestig. Herman het in ons gemeente grootgeword en hier belydenis afgelê. Herman is die jongste seun van Jannie en Phyllis de Wet, Diakenspaar, van Rietfonteinwyk. Hulle woon nou in Koster waar Herman boer. Baie geluk aan die paartjie en hulle ouers.



Edaneg reik uit na Kompas

Voor Kersfees het Edaneg 'n uitreik gehad namens ons gemeente na Huis Kompas. Dit was 'n wonderlike gebeurtenis vir die kinders en 'n voorreg vir Edaneg om die kinders se harte bly te kan maak.



'n Mooi nuwejaar

Dit is die einde van 2020 en 'n nuwe jaar gaan begin. So met die oorgaan van die jaar dink ons oor die jaar wat verby is. Ons almal het soos gewoonlik uitgesien na die nuwe jaar en die beloftes wat dit inhou. Met Nuwejaarsdag het ons almal die mooiste wense vir ons familie en vriende uitgespreek. Ons het dalk verlede jaar die mooiste wense vir ons geliefdes toegewens en hierdie jaar het ons dit herhaal. "Geseënde nuwejaar"

Die eerste kwartaal het so mooi glad verloop. Party dele van die wêreld het erge rampe beleef. Ons almal onthou die verskriklike verwoestende brande en die vernietiging van diere en plantlewes, wat dit tot gevolg gehad het. Toe tref die Covid-virus ons. Ons het maskers begin dra en ons hande gesaniteer. Ons het vriende en geliefdes aan die dood verloor. Skole was oop en weer toe. Die Amerikaners het verkiesing gehou. 'n Tweede vlag van die Covid-virus het ons land getref en dit was Kersfees. Nou staan ons viervoetig in 2021. Wat moet ons hierdie jaar verwag en waarvoor kan ons wens? Ek dink, net soos verlede jaar, mag ons wens vir net die beste. Ons moet uitsien na die vreugdes van 'n nuwe jaar. Ons moet mooi dinge verwag en daarvoor bid. Soos elke jaar moet ons vertrou dat die Here ons sal dra en Sy vaderhand oor ons sal hou.

Ek het 'n opgewondenheid in my hart vir hierdie jaar. Dit kan net beter wees. Ons is nou gewoond aan die andersheid, die vreemdheid, die pakkie maskers, wat saam met die medisyne gekoop word, die sanitering en soveel nuwe terme en woorde wat ons geleer het.

Tof verlang ons na kontak en kommerlose kuiers, maar dit is hoe ons dinge nou vir 'n tyd lank moet doen.

Die Here leer ons in Sy Woord dat Hy elke dag by ons is deur Sy Gees. Hy bewaar ons in gevaar en nie ván gevaar nie. Ons lees in Psalm 50:15 dat as ons probleme het, moet ons Hom aanroep. Watter wonderlike wete is dit nie! Die Here sien en weet wat elke dag hier op die aarde gebeur. Hy is met ons in hierdie vreemde tyd. Dra die nuwe jaar met al sy onsekerhede en gevare aan die Here op, vertrou op Sy ewige goedheid en versorging.

Wees saam met ons opgewonde oor die vreugdevolle dinge, wat hierdie jaar op ons wag. **Gelukkige Nuwe Jaar!** *Oorgeneem en verwerk*